Gepubliseer in Huisgenoot, Vrydag 15 Mei 1936, onder titel „Wol word die Eerste Maal Uit..."

191. A. 1 (20)

# Die Eerste Pogings om 'n Buitelandse Mark vir Suid-Afrikaanse Wol te vind.

Niemand sal dit betwis nie dat wol, as 'n artiekel van uitvoer, reeds 'n besondere groot waarde vir ons land en volk gehad het. Dit is wel waar dat hierdie artiekel, net soos ander produkte van ons land, hom reeds verskeie kere aan die knellende greep van moeilike depressiejare moes ontworstel, maar nietemin het dit tot op die huidige dag een van die vernaamste steunpilare vir die ekonomiese welsyn van 'n groot deel van ons plattelandse bevolking gebly.

Dit is egter opmerklik dat die vroegste pogings om die vername landsproduk in die buiteland winsgewend van die hand te sit byna volkome onbekend is. Onder ons historici is Theal die enigste wat iets daarvan meedeel, en hy volstaan enkele woorde daaroor.[1] Daar sal ongetwyfeld baie mense in ons land wees wat in hierdie interessante pogings byna 250 jaar gelede belangstel en dus wil ons probeer om op grond van die oorspronklike dokumente 'n duidelike en taamlik uitvoerige oorsig daarvan te gee.

Die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, trou aan sy kommersiële beginsels, was altyd baie gretig om artiekels van die Kaap te kry wat teen 'n goeie wins verkoop kon word. Onder die moontlike .....

1) Vgl. Hist. of S. Afr. before 1795, II, pp. 399 en 444.

like handelsartiekels het Here XVII ook aan wol gedink, en daar gee hulle Simon van der Stel in hul brief van 27 Junie 1691 opdrag om 'n monster van die Kaapse wol na die moederland oor te stuur.[2] Die Goewerneur het nie lank op hom laat wag nie, en in die volgende jaar word die eerste monster na Holland versend. Hiermee is dus die allereerste stap geneem om die gehalte en waarde van Suid-Afrikaanse wol in Europa te bepaal en 'n buitelandse mark daarvoor te vind.

Die eerste monstertjie het 'n taamlike goeie indruk op Here Meesters gemaak. "De schaeps wolle aan de Caep vallende vinden wij soodanigh, dat UE: sullen wel doen ons bij bequame gelegenheijt goede parthije daarvan te laten toekomen" -- so skryf hulle aan Van der Stel terug.[3] 'n Bietjie later versoek hulle weer om "een dosijn vellen met de wol daarop".[4] Maar hierdie keer het Van der Stel in gebreke gebly, en ten spyte van die hernuwing van die versoek, tog nie sover gekom om die monsters oor te stuur nie. Wat die saak nog slegter gemaak het, was dat die eerste monster in Holland soek geraak het,[5] sodat dit ons nie hoef te verwonder dat daar vir 'n paar jaar lank nou geen woord weer oor Kaapse wol gerep word nie.

In 1699 herleef die belangstelling egter skielik weer. Iemand van die Kaap het aan 'n bekende in Holland -- die name

van .....

---

2) <u>Inkomende Brieven</u>, 1691 - 1692, p. 298.
3) <u>Ibid</u>., 1692 - 1693, p. 138.
4) <u>Ibid</u>., p. 476.
5) <u>Ibid</u>., p. 640.

van die betrokke persone word nie in die dokumente vermeld nie drie stukkies skaapvel met die wol daarop gestuur. Die hoë bewindhebbers het hierdie monstertjies ondersoek en op 27 Junie van dieselfde jaar skryf hulle daaroor aan die Kaapse regering as volg: "No.1 soude wesen van een Hottentots schaep, welkers wolle ofte hair bij nae niets waardigs is, No.2 word geseijt te wesen van een schaep dat van een Hottentots en een hierlants[6] is voortgekomen. Maar No.3 word vastgestelt voort gekomen te wesen van de schaepen UE: van hier toegesonden waarop de wolle vrij saght en deughtsaem is."[7] Here Meesters meen dat hierdie laaste soort teen 'n goeie prys afgeset kon word, en gelas die Kaapse goewerneur dus om 'n goeie hoeveelheid byeen te bring, dit deeglik te was en te droog, en behoorlik verpak na die moederland te verskeep.

Vir die goeie tipe wol het Here XVII nou rooskleurige vooruitsigte gesien. Hulle het verneem dat dit teen ongeveer 4 stuivers[8] per pond aan die Kaap ingekoop kon word, en meen dat dit teen 18 of 20 stuivers in Holland verkoop kon word. Hulle beskou dit dus as "een saecke die sigh vrij favorabel schijnt op te doen", en gelas die Kaapse bevelhebbers om die doeltreffendste stelsel te ontwerp, waarvolgens aansienlike hoeveelhede versamel en oorgestuur kon word. In hul opinie word Here Meesters nog .....

---

6) hierlants" = Nederlandse.
7) "Inkomende Brieven, 1699 - 1701, p. 289.
8) 1 stuiwer = 1 pennie.

nog versterk deurdat hulle meen op te merk dat die wol van Nederlandse skape, wat voorheen na die Kaap uitgevoer was, as gevolg van die verandering van klimaat aanmerklik verbeter het.[9] Die moontlikheid word ook al selfs genoem om opregte Spaanse merinoskape - die allerbeste merinos van daardie tyd - in te voer, daar die wol moontlik in dieselfde mate sou verbeter.

Onderwyl het Willem Adriaan van der Stel sy vader as goewerneur aan die Kaap opgevolg. In teenstelling met Simon van der Stel, en met die oog ongetwyfeld ook op sy eie voordele ger[...] het Willem Adriaan geen gras onder sy voete laat groei nie: hy vaardig 'n plakkaat uit waarvolgens alle vee-besittende boere lasgegee word om hulle skape te skeer en die wol aan die Kompanjie te verkoop.[10] Op 29 Augustus 1699 skryf hy boëndien aan Michiel Ditmarsen, landdros van Stellenbosch, dat hy moet toesien dat die boere hul skape op die regte tyd skeer, en dat die wol versamel moet word om so gou moontlik met die retoerskepe na Patria gestuur te word.[11] Twee maande later skryf die Gouwerneur in dieselfde gees aan die landdros, terwyl Ditmarsen in die volgende jaar, 1700, alweer nadruklik op sy plig gewys word: "waertoe Ue. sult hebben te vigilieren, te meer haar de opgemelt[e] Heeren onse Majores, sonderling aan de voorsz. wol laten gelegen sijn."[12] Volgens 'n naskrif in hierdie laasgenoemde brief moes die landdros...

---

9) Ink. Br., 1699 - 1701, pp. 287-288.
10) Origineel Placcaatboek, 1686-1709, II, pp. 327-328.
11) Uitgaande Brieven, 1699 - 1700, p. 553.
12) Ibid., pp. 1065-1066.

landdros kennisgewings op alle gebruiklike plekke in die distrik Stellenbosch aanslaan, en die brief self die volgende Sondag na afloop van die diens by die kerkdeur in die openbaar voorlees!

Die ywer van Willem Adriaan van der Stel het nie sonder vrugte - al was dit ook maar geringe vrugte - gebly nie, want reeds vroeg in 1700 is die eerste hoeveelheid Suid-Afrikaanse wol, 285 pond in gewig, met die skip 's Lands Welvaren" na die moederland verskeep.[13] Maar die gehalte hiervan was so betreurenswaardig dat Here XVII nie geaarsel het om hulle ontevredenheid in sterk en duidelike bewoording uit te druk nie: "Belangende de schapenwol, die UE: ons door malcanderen vermengt hebben gesonden, hebben wij UE: bij onsen brief van den 27 Junij 1699 klaerblijkelijck en seer distinctelijck aengeschreven wat soorten wij begeren, en daerom hadden wij geen andere verwaght, als die daerbij staet uijtgedruckt de andere soorten van geene waerde, ook 't oversenden niet waerdigh is".[14] Die lae prys wat vir hierdie besending aangebied is, toon aan dat die ontevredenheid nie ongegrond sou gewees het nie: op 'n publieke veiling het dit nie meer as een stuiwer per pond gehaal nie; met die hoop om later meer te kry is dit ingehou.[15] Nadat dit weer verskeie kere aangebied was maar weens die swak prys ingehou moes word, is dit eindelik vir 42 guldens verkoop, d.w.s. nog nie 3 stuiwers per pond nie.[16]

Here .....

---

13) Ink. Br., 1701-1702, p. 411.
14) Ibid., 1699-1701, p. 1089.
15) Ibid., 1701-1702, p. 411.
16) Ibid., 1702-1704, p. 725.

Here XVII en Willem Adriaan van der Stel het egter nie moed opgegee nie, en ons sien laasgenoemde al spoedig weer ywerig aan die werk om 'n nuwe proefneming te doen. In 1703 gaan 'n volgende hoeveelheid Kaapse wol na Holland, wat hierdie keer veel meer sukses behaal, en teen 14½ stuiwers per pond van die hand gesit word. Nou is die hoop op sukses weer versterk sodat die hoë gesagvoerders in die moederland die mening kon uitspreek: "in voegen dat wanneer die voor 8 stuivers 't lb. van de vrije luijden is te bekomen ons seer wel sal moge werde toegesonden".[17] Enige maande later maan hulle die Kaapse owerheid opnuut aan om hulle verwagtings nie teleur te stel nie.[18]

In die daaropvolgende jare het verskeie verkopings van klein hoeveelhede Kaapse wol in Holland plaasgevind, sommige waarvan op 'n sukses, andere op 'n mislukking uitgeloop het. In 1706 word 105 pond, waarvan die inkoopsprys 57 guldens was, in Amsterdam vir 127 guldens 10 stuiwers verkoop, d.i. 24½ stuiwer per pond.[19] In die volgende jaar is weer 207 pond oorgestuur en ook dit het 'n goeie wins gelewer: die inkoopsprys was 103 guld. 10 st. en die verkoopsprys 218 guld., d.i. 21¼ st. per pond.[20] Hierdie verkopings het egter nog maar sulke geringe hoeveelhede betref, dat dit prakties weinig waarde gehad het en as blote eksperimente aangemerk moet word.

'n Paar ....

---

17) *Ibid.*, p. 580.
18) *Ibid.*, p. 1189.
19) *Ibid.*, 1707-1708, p. 777.
20) *Uitg. Br.*, 1707-1709, p. 152 en *Ink. Br.*, 1707-1708, p.1297.

'n Paar jaar ná die terugroeping van Willem Adriaan van der Stel het heelwat groter besendings na die moederland gegaan. In 1713 is 248 pond, ingekoop vir 152 guld. 16 st. oorgestuur en teen 8 st. per pond, altesame 136 guld. 15 st., verkoop - dus 'n verlies van byna 10%.[21] 347 Pond, in die volgende jaar verskeep, het 182 guld. 10 st. gekos en is teen 6 st. per lb., tesame 103 guld. 3 st., van die hand gesit - 'n verlies van 43%.[22] En dan, in 1715, is vyf bale tot 'n totale gewig van 851 pond oorgestuur wat per publieke veiling in Amsterdam 5 st. per pond gegaan, en altesame 210 gld. 17 st. opgelewer het. Die koopprys hiervan was 422 guld. - dus 'n verlies van oor die 50%.[23]

Sulke resultate was natuurlik geen aanmoediging vir die Kaapse regering nie, en hulle sal wel ook reeds die vrugteloosheid van hul pogings ingesien het. Maar Here Meesters het die inkoop van wol nog nie verbied nie, en dus is in Maart 1717 'n groot hoeveelheid, 3,058 pond, teen 7 st. per pond ingekoop; in 23 bale verpak en oor verskillende van die retoerskepe verdeel is dit na Holland uitgevoer.[24] Wat van die groot besending geword het, sal 'n geheim bly, daar die korrespondensie van Here XVII daaroor swyg; dit is egter heel waarskynlik dat dit op 'n nog groter mislukking uitgeloop het. Dit was ook die laaste poging tydens die Kompanjiesbewind. Op 1 Nov. 1718 het die Kaapse owerheid nog oud-burgerraad Johannes Blankenberg se versoek, nl. om ......

---

21) Ink. Br. 1714-1715, p.261.
22) Ibid., p.1015.
23) Bijlagen, 1716-1717, p. 283.
24) Uitg. Br., 1714-1717, 3 April 1717.

om wol aan die Kompanjie te lewer, oorweeg, maar "is om diverse reedenen goedgevonden en geresolveert, geene Caapse wol meerder in te kopen, voor en al eer deselve van onse heeren en meesteren uijt 't patria sal weesen geeijst".[25] Aldus eindig die vroegste pogings om Suid-Afrikaanse wol suksesvol in Europa te verkoop; nou moet ons wag totdat die Bataafse outoriteite oor die Kaap gesag voer voordat daar weer noemenswaardige werk van owerheidsweë in hierdie verband gedaan sou word.

Die mislukking van die eerste pogings moet aan die kumulatiewe werking van ~~die~~ verskillende omstandighede toegeskryf word. Die Kaapse regering het aangevoer dat hulle ten spyte van genome moeite die boere nie sover kon kry om hulle skape gereeld te skeer nie: die boere sou geen vertroue in die saak gehad het nie, en geen wins daarin gesien het nie.[26] Hierby moet onthou word dat die skaapboerdery in dié tyd nog byna uitsluitlik daarop bereken was om in die ernstige behoefte aan vlees te voorsien, en daar die bevrediging van dié behoefte met kwellende moeilikhede gepaard gegaan het, is dit verstaanbaar dat wol as 'n bysaak beskou is, wat nog nie veel aandag verdien het nie. Buitendien was daar ook nog nie die groot aanvraag na wol in Europa nie, wat eers ná die Industriële Rewolusie ontstaan het, en vir die wolskaapteelt in die kolonies so'n kragtige spoorslag was.

Die vernaamste oorsaak het ons egter nog nie genoem nie. Ons .....

---

25) Resolutıes, 1718-1719, 1 Nov. 1718.
26) Vgl. Uitg. Br. 1699-1700, p. 698; 1701-1703, p. 88; en 1707-1709, p. 772.

Ons het reeds gesien hoe dat Here XVII die Kaapse regering na ontvangs van die eerste besendinkie in 1700 van agterlosigheid beskuldig het: die wol sou "door malcanderen vermengt" aangestuur gewees het. Met so'n klakkelose beskuldiging van die Kaapse outoriteite het Here Meesters hulle vergis, en dit toon aan dat hulle die kernmoeilikheid gladnie begryp het nie. Hierdie kernmoeilikheid het die Kaapse regering in 1708 verduidelik: die toestand of graad van verbastering van die skape het die versameling van groot hoeveelhede bruikbare wol onmoontlik gemaak.[27] Die Hollandse wolskape, wat reeds jare tevore ingevoer was, was met die harige inheemse diere gekruis, en hierdie kruising het, soos verwag kan word, vir die wolgehalte erg nadelig geblyk, met die gevolg dat groot hoeveelhede goeie wol nou nie van die basterskape verkry kon word nie. Volgens die Kaapse outoriteite moes 'n beter ras eers geteel word, want solank die wolgehalte van die skape so sleg was, sou daar geen vooruitsigte wees om die wol voordelig te verkoop nie.[28]

Om 'n genoegsame getal opregte stoetskape na die Kaap te stuur het by die hoë gesaghebbers in die moederland egter gladnie in die smaak geval nie, aangesien dit nie met hulle tradisionele besuinigingsbeleid gestrook het nie, en daarom het soiets ook nie gebeur nie. Tog is dit interessant dat die genoemde verko-

pings ....

---

27) Vgl Rapporten van Kommissarissen, 1657-1764, p. 51a, en Uitg. Br., 1652-1661, p. 653.
28) Uitg. Br., 1707-1709, pp. 772-773.

pings van Kaapse wol die juistheid van die Kaapse owerheid se opvattings aantoon. Toe klein hoeveelhede verskeep is, m.a.w. toe nougesette seleksie moontlik was - en, grootliks weens die persoonlike belangstelling van W. A. van der Stel, ook werklik gedoen is - was die kwaliteit van die wol redelik goed en het dit hoë pryse behaal. Maar toe groter hoeveelhede oorgestuur is, m.a.w. toe nougesette seleksie nie moontlik was nie, was die wol vir spindoeleindes ongeskik en moes dit teen groot verliese verkoop word.

'n Mens moet toegee dat die Kompanjie nooit intensiewe aandag aan die wolproduksie gegee het nie. Die wenslikheid van die uitvoer van Kaapse wol is wel 'n paar keer beklemtoon, maar kragdadige steun het dit in die werklikheid nooit ontvang nie. Waar die Kompanjie daarna gestreef het om die Kaap nie slegs as 'n finansiële las te besit en te administreer nie, maar ook waardevolle goedere daar te verkry, was die belangstelling gewoonlik in vlees en akkerbouprodukte, soos groente, graan en wyn, gekonsentreer. Interessant soos die vroegste bemoeienisse in verband met Kaapse wol is, moet 'n mens nietemin konkludeer dat die ou Kompanjie dit nog nie baie ernstig met hierdie later so belangrike en winsgewende artiekel van uitvoer gemeen het nie.

*******